


## Musiek vir Advent

’n Mens kan musiek op verskillende maniere gebruik in die lewe saam met God. Liedere kan op byeenkomste soos in ’n erediens gesing word, ’n mens kan dit op jou eie hardop of in jou gedagtes neurie, of jy kan na opnames van musiek luister. Hier is ’n klompie liedere uit die ryk musiekskat van die kerk en wyer wat ’n mens tydens Advent kan gebruik.

- In die *Liedboek van die Kerk* is daar verskeie liedere wat ’n versugting na God en ’n verwagting van sy koms verwoord. Daar is ook liedere wat aanluit by die Adventstemas van hoop, vrede, liefde en vreugde.
- ’n Voorbeeld van ’n lied wat ’n verwagting verwoord, is Lied 163, “Soos ’n wildsbok …” wat deur Psalm 42 geïnspireer is.
- Die *Liedboek van die Kerk* bevat ’n hele rubriek van liedere vir Advent (Lied 318-334).
- Dit het ook gebruik geword om tydens Advent Kersliedere te sing en te luister. Lied 335-376 van die Liedboek bevat Kersliedere wat oor baie jare in kerke gesing is, maar ook ’n eietydse Suid-Afrikaanse lied soos Koos du Plessis se Somerkersfees (Lied 358).
- Die laaste afdeling van die Liedboek van die Kerk (Lied 584-602) handel oor hoop en voleinding.

- In *Va Pensiero*, die lied van slawekoor uit Guiseppe Verdi se opera Nabucco, sing die Hebreeuse ballinge in Babel oor hulle verlange na hulle land. Dit is ’n versugting dat God hulle na hulle land sal laat teruggaan. Aan die einde van die lied word gevra dat, as dit nie kan nie, God hulle die krag sal gee om die lyding te dra. Luister gerus hierna en voel aan hoe die stemming van die lied resoneer met jou eie verlange na God.
- Andrew Lloyd Webber se “Love changes everything” word nie aangebied as ’n religieuse lied nie, maar gelowiges sal vind dit resoneer baie sterk met die inhoud van ons geloof.